

# PROKUREURSEKSAMEN

## DEEL 4

### BOEKHOU VIR REGSPRAKTISYNS

16 MAART 2022

14:00-16:15

Totaal: [100]

***Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 ure volg dan.***

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. Maak seker dat in u antwoorde die betrokke inskrywings duidelik herkenbaar, beskrywend en volledig is.
3. Maak aparte besigheids- en trustkasboeke asook grootboekrekeninge vir kliënte oop en moet dit nie kombineer nie. Joernaal-inskrywings moet behoorlik herkenbaar en beskrywend/verhalend wees.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal, sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en druij dus hierdie eksamen.

U het die volgende transaksies verrig in die loop van u praktyk:

1. U ontvang R800 000.00 vanaf K Hart as 'n deposito vir die aankoop van 'n eiendom.
2. K Hart magtig u skriftelik om die fondse namens hom te belê te Green Bank.
3. M Carey voorsien u van instruksies om die bedrag van R250 000.00 te vorder vanaf C Rock as skade aan haar voertuig as gevolg van C Rock se nalatigheid. U reik 'n dagvaarding uit en debiteer 'n fooi van R1 000.00.
4. U ontvang R120 000.00 vanaf T Banks as 'n deposito vir die registrasie van 'n trust.
5. Mev. Banks voorsien u van skriftelike instruksies om die geld te belê te Blue Bank.
6. Mev. Banks voorsien u verder van instruksies om voort te gaan met die registrasie van die Banks Family Trust. U stel die dokumente op en hef 'n fooi van R40 000.00.
7. Mev. Banks voorsien u van instruksies om 'n bedrag van R20 000.00 van die belegging te onttrek.
8. Mev. Banks voorsien u verder van instruksies om R11 500.00 (insluitende BTW) te betaal aan die agent wat toegesien het tot die indiening van die dokumente by die Meesterskantoor.
9. U ontvang 'n verdere betaling vanaf K Hart ten bedrae van R45 000.00 ten aansien van die transportkoste wat insluit die oordragsfooie en hereregte.
10. U ontvang betaling vanaf A Keys ten bedrae van R25,875.00 (insluitende BTW) ter betaling van u rekeningstaat, vir professionele dienste gelewer in haar egskedingsaangeleentheid.
11. U betaal R22 000.00 aan SARS ten aansien van hereregte in die aangeleentheid van mnr. Hart.
12. U ontvang 'n betaling vanaf mnr. Rock in die bedrag van R100 000.00 as 'n gedeeltelike betaling ten aansien van die skade aan mev. Carey se voertuig.
13. U hef die invorderingskommissie in die bedrag van R1 500.00.
14. U ontvang R5 000 000.00 vanaf Obama Construction (Edms) Bpk as die koopprys in 'n nuwe ontwikkeling.
15. U besluit om R2 500 000.00 van die beskikbare trustfondse te belê te Red Bank.

16. U onttrek die belegging te Green Bank en u ontvang rente in die bedrag van R4 000.00. U betaal die begunstigdes.
17. U ontvang 'n kontant betaling vanaf D Johnson in die bedrag van R25 000.00 as 'n deposito in aksieprosedure teen die Minister van Polisie.
18. U ontvang mediese verslae vanaf die mediese praktisyn in die aangeleentheid van mnr. Johnson en u betaal sy rekening in die bedrag van R8 050.00.
19. U debiteer 'n instruksiefooi van R2 000.00 in die aangeleentheid van mnr. Johnson.
20. U onttrek R1 000 000.00 van die Red Bank belegging.
21. U gee opdrag aan 'n Advokaat in die aangeleentheid van mnr. Johnson en u ontvang die besonderhede van vordering met die Advokaat se rekening in die bedrag van R14 950.00 (insluitende BTW). U betaal die Advokaat.
22. U onttrek 'n verdere R37 500.00 van die belegging te Blue Bank op instruksies van T Banks om u te dek vir u fooie.
23. Dit is die einde van die maand en u bewerkstellig 'n trustoordrag van die bedrae waarop u geregtig is.
24. U betaal die beskikbare fondse aan mev. Carey.
25. U betaal SARS die bedrag verskuldig ten aansien van uitsetbelasting.

Teken al die bogemelde transaksies in u rekeningboeke aan. Geld moet slegs een keer van trust na besigheid oorgedra word en wel aan die einde van die maand. Maak voorsiening vir BTW teen die koers van 15%. Dit is nie nodig om afrekeningstate op te stel nie.

**VRAAG 2** **[24]**

U ontvang die volgende staat vanaf u korrespondent, Flash Prokureurs, aan wie u van instruksies voorsien het om op te tree in u kliënt se eis vir skade aan sy eiendom deur sy huurder, mnr. Never Buy.

REKENINGSTAAT	DR	CR
---------------	----	----

**LAND LORD vs NEVER BUY**

Instruksiefooi	R 300.00	
BTW @ 15%	R 45.00	

1/3 Toelaag op fooi		R	100.00
BTW @ 15%		R	15.00
Dagvaardingsfooi	R	600.00	
BTW @ 15%	R	90.00	
1/3 Toelaag op fooi		R	200.00
BTW @ 15%		R	30.00
Betaal Balju	R	500.00	
Betaling ontvang : Mnr Never Buy		R	20 000.00
Invorderingskommissie	R	1 200.00	
BTW @ 15%	R	180.00	
1/3 Toelaag op fooi		R	400.00
BTW @ 15%		R	60.00
EFT betaling aan u	R	17 890.00	
	R	20 805.00	R 20 805.00

Teken bogemelde transaksies in u rekeningboeke aan. Dra die bedrag waarop u geregtig is oor en betaal enige beskikbare fondse aan u kliënt. Dit is nie nodig om 'n afrekeningstaat aan u kliënt te lewer nie.

### **VRAAG 3**

**[12]**

U besigheidskasboek toon op 31 Januarie 2022 'n negatiewe balans van R33 000.00. Op dieselfde datum toon u besigheidsbankstaat 'n positiewe balans van R6 000.00. 'n Vergelyking van u besigheidskasboek en bankstaat toon die volgende:

1. 'n EFT betaling deur u kliënt, ten bedrae van R15 000.00, ten aansien van u rekeningstaat, verskyn slegs op die bankstaat.
2. U maandelikse aftrekorder in die bedrag van R1 500.00 ten aansien van die firma se korttermynversekering is nie in die kasboek aangeteken nie.

3. 'n Kontantdeposito van R2 000.00 ontvang op 31 Januarie 2022 verskyn slegs in die kasboek.
4. U debietorder vir R2 000.00 ten aansien van die firma se voertuig huurkoop is nie aangeteken in die kasboek nie.
5. 'n Betaling gemaak deur u, in die bedrag van R1 212.00, was verkeerdlik aangeteken in die kasboek as R1 221.00.
6. 'n Direkte deposito van R29 491.00 bewerkstellig deur u kliënt, verskyn slegs op die bankstaat.

Stel die aanvullende kasboek en bankrekonsiliasiestaat op soos op 31 Januarie 2022.

**VRAAG 4** **[13]**

---

- 4.1 Verduidelik wat is 'n "trust rekonsiliasie"? (5)
- 4.2 In welke bankrekening sal u die fondse deponeer in elk van die volgende gevalle:
  - 4.2.1 'n Kliënt betaal 'n R20 000.00 deposito om 'n Maatskappy te registreer. (1)
  - 4.2.2 'n Kliënt betaal u rekeningstaat vir professionele dienste gelewer? (1)
  - 4.2.3 Sanlam betaal R800 000.00 as opbrengs ten aansien van 'n lewenspolis waar u toesien tot die administrasie van die boedel. (1)
- 4.3 Verduidelik die verskil tussen 'n regspraktisyn wat praktiseer met 'n Getrouheidsfonds sertifikaat en 'n regspraktisyn wat verwysings ontvang? (5)

---

**- DIE EINDE -**

---